

Dinsdag 23 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 6:19-24

Fokusgedeelte: Matteus 6:24;
Heidelbergse Kategismus 34:95

Die diens aan ander gode naas God

Afgodery vind nie net plaas as 'n mens 'n ander god dien nie, maar ook as jy naas God aan iets of iemand anders goddelike eer gee. Nou is dit met die meeste Christene so dat hulle God nie heeltemal verwerp en ander gode dien nie. Die swakste Christen het gewoonlik nog iets oor vir die diens van God, en in tye van nood bring dit hom daartoe om te bid: *Here, help!* Die probleem is egter dat mense soms naas God iets of iemand het aan wie hulle hul toewy of waarop hulle vertrou. So 'n persoon of saak kan dan vir die mens maklik 'n god word wat hy naas God vereer. Die volgende is enkele afgode wat naas God vereer word:

- Daar is die hunkering en bewuste *gesoek na eie eer* soos Nebukadnesar (Dan. 4:29, 30) in plaas daarvan dat die mens die eer van God bo alles moet soek (1 Kor. 10:31).
- Daar is die *ja na plesier en genot* (hedonisme) wat uiteindelik lei tot roes en bedwelmings in diens van Satan (2 Tim. 3:4).
- Geld en *materialisme* (die Mammon waarvan Christus praat) is 'n afgod wat van mense koue, harde, liefdelose kreature – wolwe! – maak wat alles (ook liefde, die huwelik, die kerk, ens.) beoordeel in terme van rand en sent (vgl. Luk. 12:13-21; 16:19-31; 1 Tim. 6:9-10).
- Dan is daar nog die afgod van die *Eie Ek* – seker die gevaarlikste van alle afgode (2 Sam. 24:1-10; 2 Pet. 2:10-22; Jud.:16).

Dat die verering van mense of gode naas God in stryd is met sy wil, en in die besonder met die eerste gebod, is uit Christus se woorde in Matteus 6:24 baie duidelik. Christus sê onomwonde dat geen mens twee base tegelyk kan dien nie. Volle oorgegewe gehoor-saamheid aan die een sluit die ander uit.

In hierdie verband verwys Christus uitdruklik na Mammon. Mammon is die verpersoonliking van aardse vermoë, geld en goedere. Wie Mammon dien en hulp en bystand van hom verwag, skuif God opsy en gee aan Mammon 'n plek minstens naas God. Hierdie saak is uiters ernstig, omdat die liefde tot God hier ter sprake is. Die woord *liefde* wat hier gebruik word, dui op die onvoorwaardelike bereidheid tot diens. Dit is 'n liefde tot God met die hele hart, siel, verstand en al ons krag (Luk. 20:27). So 'n liefde tot twee gode in gelyke mate is vir die mens totaal onmoontlik.

As 'n mens dus enige ander god met so 'n liefde dien, moet dit noodwendig lei tot 'n verloëning van God en dus afgodery. God het in Christus aan ons getoon watter liefde Hy vir ons het (Joh. 3:16). Daarom moet ons in antwoord daarop uit dankbaarheid Hom met 'n totale bereidwilligheid dien en niks van enige afgode naas Hom verwag nie.